

Hoërskool Oos-Moot

HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186

Telefoon: (012) 332-0601

E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za

www.oos-moot.co.za



11 September 2024

Geagte Ouers/Voogde

SELFOONVRYE SKOOLOMGEWING 2024

Ons stel u hiermee graag in kennis van 'n belangrike implementering wat vanaf die vierde kwartaal van hierdie jaar by die skool in werking tree.

Die skool implementeer vanaf **1 Oktober** die intreefase van 'n selfoonvrye skoolomgewing. Dit is deel van ons voortdurende strewe om 'n positiewe leer- en sosiale atmosfeer vir ons leerders te skep. Dié reëling geld van die oomblik wat die leerders die skoolterrein betree tot die skool verdaag.

1. Redes

Afleidings

- Verbetering van leerders se akademiese prestasies deur afleidings te verminder.
- Selfone lei leerders se aandag van hul studies af, wat hul konsentrasie en akademiese prestasie negatief beïnvloed.
- Leerders fokus eerder op sosiale media en boodskappe as om aandag aan onderrig te gee.

Gebrek aan persoonlike interaksie

- Leerders kan hulself isoleer deur eerder op hul fone te fokus as om met maats te gesels.
- Dit beperk sosiale ontwikkeling en kan 'n negatiewe impak op verhoudings en interpersoonlike vaardighede hê.

Oneerlikheid

Selfone maak dit makliker om tydens toetse en eksamens af te kyk, inligting op die internet op te soek of antwoorde met maats te deel, wat akademiese integriteit ondermyne.

Onbehoorlike inhoud

Toegang tot onvanpaste of gewelddadige inhoud is 'n risiko, aangesien leerders via hul fone toegang tot webwerwe of apps kan kry wat nie geskik is vir hul ouderdom nie.

Sosiale druk

Selfoongebruik kan ook druk plaas op leerders om by die nuutste tegnologie of modeneigings aan te pas, wat bydra tot sosiale ongelykhede en selfbeeldkwessies.

Gedragskwessies

Die konstante gebruik van selfone kan impulsiewe gedrag aanmoedig en leerders se vermoë om hul aandag te fokus of take af te handel, benadeel.

Kuberkwaadwilligheid en boelie

- Selfone vergemaklik kuberoelie, waar leerders ander kan teiken deur middel van sosiale media, boodskappe of aanlyn platforms.
- Dit kan emosionele skade en angs veroorsaak.

Al hierdie faktore beklemtoon hoekom 'n selfoonvrye skoolomgewing 'n positiewe impak op die akademiese en sosiale welstand van leerders kan hê.

Hoërskool Oos-Moot

HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186

Telefoon: (012) 332-0601

E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za

www.oos-moot.co.za



2. Reëlings

- Alle leerders se selfone moet heeltemal afgeskakel (nie op *silent* gestel nie) en gebêre wees wanneer hulle by die skoolterrein inkom.
- Die selfone bly vir die volle duur van die skooldag afgeskakel, insluitend pouses.
- Indien 'n selfoon gesien word, lui of vibreer, sal dit gekonfiskeer word.
- Gekonfiskeerde selfone kan na twee weke slegs deur 'n ouer by die skool afgehaal word. 'n Bedrag van R100 per toestel is betaalbaar vir stoorkoste.
- Indien 'n leerder ongesteld voel of siek word, sal hulle dit by hul graadvoog aanmeld, waarna die skool u direk sal kontak.

Ons is oortuig dat dit tot die voordeel van elke leerder sal wees en sal help om 'n meer gefokusde leeromgewing te skep en doen hiermee 'n beroep op u samewerking en ondersteuning om hierdie inisiatief suksesvol te maak.

Baie dankie vir u begrip en ondersteuning.

Oos-Moot groete

S THERON
HOOF